

**Seisoensfluktuasies in Industriële Produksie/en die  
Aandemark met spesiale verwysing na die Suid -  
Afrikaanse situasie**

**deur Frans Pieter Cilliers**

**vir voorlegging ter gedeeltelike voltooiing van die  
vereistes vir die graad M. Comm. in die Departement  
Statistiek, Universiteit van Wes- Kaapland.**

**Hoof Promotor: Professor E. vd M Smit**

**Mede Promotor: Professor D. Kotze**

**Datum van voorlegging: November 1991.**



**UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE**

## INHOUDSOPGawe

Bladsy


<b>Abstract</b>	<b>i</b>
<b>1.</b> <b>Inleiding en die Effektiewe Mark Hipotese</b>	<b>1</b>
<b>1.1.</b> <b>Swak vorm effektiwiteit</b>	<b>2</b>
<b>1.2.</b> <b>Semi-sterk vorm effektiwiteit</b>	<b>5</b>
<b>1.3.</b> <b>Sterk vorm effektiwiteit</b>	<b>6</b>
<b>2.</b> <b>Data</b>	<b>7</b>
<b>3.</b> <b>Verdienste opbrengs en seisoenale patronen</b>	<b>8</b>
<b>3.1.</b> <b>Outokorrelasies</b>	<b>13</b>
<b>3.2.</b> <b>Verkennende data ontleding</b>	<b>15</b>
<b>3.2.1.</b> <b>Rekenkundige gemiddeldes</b>	<b>15</b>
<b>3.2.2.</b> <b>Verspreidingsmaatstawwe</b>	<b>23</b>
<b>3.2.3.</b> <b>Maatstawwe van Skeefheid &amp; Kurtose</b>	<b>24</b>
<b>3.3.</b> <b>Parametriese toetse vir seisoenaliteit-</b> <b>Analise van variansie</b>	<b>30</b>
<b>3.3.1.</b> <b>Normaliteit</b>	<b>30</b>
<b>3.3.2.</b> <b>Homogeniteit van variansie</b>	<b>31</b>
<b>3.3.3.</b> <b>Analise van variansie ontleding</b>	<b>32</b>
<b>3.4.</b> <b>Homogeniteit van gemiddeldes toets</b>	<b>33</b>
<b>3.5.</b> <b>Nie-parametriese toetse vir seisoenaliteit-</b> <b>Friedman toets</b>	<b>35</b>
<b>4.</b> <b>Oorsake en implikasies van seisoenale patronen</b>	<b>37</b>
<b>5.</b> <b>Groeikoerse</b>	<b>40</b>
<b>6.</b> <b>Regressie ontledings</b>	<b>45</b>
<b>7.</b> <b>Granger toets van oorsaaklikheid</b>	<b>48</b>
<b>8.</b> <b>Gevolgtrekkings en afleidings</b>	<b>51</b>
<b>Tabelle en grafieke</b>	<b>54</b>
<b>Verwysings</b>	<b>55</b>

**Abstract**

In 1976 Rozeff and Kinney found that seasonality exists in the monthly rates of return on the New York Stock Exchange with peak periods in January.

By making use of this information and the fact that the rates of return lag real activity by one month, Chang en Pinegar (1986) indicated that rates of return unidirectionally predict future growth rates in industrial production for large companies. They also found that the seasonal growth rates in industrial production partially reflect the January seasonals in the rates of return for small companies. This is inconsistent with the efficient market hypothesis.

Although numerous studies in South Africa have been conducted on the efficiency of the Johannesburg Stock Exchange, no one has departed from the viewpoint of seasonality.




The aim of this study is to investigate the efficiency of the Johannesburg Stock Exchange with respect to seasonality in industrial production. It will be shown that there is no relationship between rates of return and real activity in the majority of sectors.

The clothing sector is inefficient in the sense that real activity unidirectionally predicts rates of return three

months in advance. At a six months lag period there are strong relationships, in both ways, between rates of return and real activity for this sector, that also implies inefficiency.

Lastly it will be indicated that the November peaks on the Johannesburg Stock Exchange do not coincide with the January peaks found overseas and that they do not lag real activity by one month.

In the international research the attention was mainly focussed on the size of companies and stock price sensitivity to changes in industrial production while in this paper it focusses on different sectors.




Seisoensfluktusies in Industriële Produksie en die Aandelemark met spesiale verwysing na die Suid - Afrikaanse situasie.

1. Inleiding en die Effektiewe Mark Hipotese (EMH).

Aangesien hierdie tesis oor die effektiwiteit van die Johannesburgse Aandelemark handel, en wel oor effektiwiteit in die swak vorm, is dit nodig om kortlik na die Effektiewe Mark Hipotese te kyk, asook na navorsing wat alreeds op hierdie gebied in Suid - Afrika gedoen is.

Fama (1970) definieer die EMH as daardie voorwaardes waaronder aandelepryse alle openbare informasie oombliklik verreken met die gevolg dat abnormalle winste nie moontlik is nie.



Plaistowe (1984:4) stel die EMH as volg: "The efficient market hypothesis is a micro economic attempt to explain the behaviour of investors in capital markets and the reaction of the capital stock prices to this behaviour."

In die EMH kan daar tussen drie vorme van effektiwiteit onderskei word:

- i) swak vorm effektiwiteit;
- ii) semi-sterk vorm effektiwiteit; en
- iii) sterk vorm effektiwiteit.

### 1.1. Swak vorm.

'n Mark is swak effektief met betrekking tot historiese pryse indien hierdie historiese pryse ten volle geïnkorporeer word in die huidige aandelepryse. Deur historiese data ten opsigte van aandelepryse te ontleed, sal een belegger nie in 'n beter posisie geplaas word as 'n ander belegger wat nie hierdie inligting tot sy beskikking het nie.

Vir die toetsing van hierdie vorm van effektiwiteit word daar gewoonlik gekyk na:

- a) reeks korrelasie;
- b) verdelings; en
- c) handelsreëls ("Trading Rules").



#### 1.1.1. Reeks korrelasie

Beskou die volgende Stogastiese Lopie ("Random Walk")

Model :

$$f(r_{i,t+1} | \Phi_t) = f(r_{i,t+1}) \text{ waar}$$

$r_{i,t+1}$  = verdienste opbrengs van aandeel i op tydstip  
t+1 en

$\Phi_t$  = inligting beskikbaar op tydstip t.

Bogenoemde beteken dat opeenvolgende verdienste opbrengste onafhanklik is met dieselfde waarskynlikheidsverdelings. Dit beteken dat  $\text{corr}(r_{i,t}, r_{i,t+1}) = 0$ . Die afwesigheid van korrelasie word beskou as 'n voldoende voorwaarde vir die aanvaarding van die swak vorm van effektiwiteit.

Onder hierdie omstandighede sal huidige pryse nie geskat kan word deur die ontleding van historiese pryse nie.

Affleck-Graves en Money (1975) was die eerste persone wat reeks korrelasie ondersoeke op aandele, genoteer op die Johannesburgse Effektebeurs, gedoen het. Hul resultate dui daarop dat korrelasiekoeffisiënte vir sloerperiodes langer as 2 weke gelyk aan nul is. Die korrelasies wat mag bestaan sal egter onvoldoende wees om abnormale winste te kan maak.

### UNIVERSITY of the WESTERN CAPE


In 'n verdere toets op dieselfde datastel het Affleck-Graves (1974) die nie-parametriese Wald-Wolfowitz lopie toets gebruik. Hierdie toets is gebaseer op die ordening van 'n reeks van waardes met dieselfde tekens in 'n tydreeks ( d.i. positief, negatief of nul). Die nul hipotese word aanvaar op 'n betekenispeil van 5% wat ooreenstem met die vorige ondersoek van Affleck-Graves en Money.

Die algemene afleiding is dat die Suid - Afrikaanse mark swak effektief is.

### 1.1.2. Verdelings

Gilbertson en Roux (1976) asook Ozen (1977) bevind dat die verdelings van die verdienste opbrengs van aandele sterk leptokurtiese eienskappe toon, dit wil sê die verdelings is spits met lang sterte relatief tot die normaalverdeling.

Schlosberg (1976) vergelyk die verdeling van die VOB met die normaal-, Pareto-, t- en saamgestelde normaalverdeling. Hy toon aan dat oor kort tydsperiodes die VOB se verdelings normaal of leptokurties is. Oor langer periodes word gevind dat die t - en saamgestelde normaalverdeling die beste passing gee.



Strebel (1974) is van mening dat die normaliteitsaanname slegs van toepassing gemaak kan word op aandele met 'n volume omset van 250 000 en meer per jaar.

Voorafgaande bevindings is van belang indien enige statistiese ontledings gedoen moet word waar die aanname van normaliteit vereis word.

Daar word egter gewaarsku om bogenoemde bevindings met omsigtigheid te hanteer, aangesien slegs 'n beperkte aantal aandele in sommige studies ondersoek is.

### **1.1.3. Handelsrēel ("Trading Rules")**

Gilbertson en Roux (1976) gebruik die handelsreël benadering wat daarop neerkom dat geen strategie, gebaseer op historiese data en volume, enige uitwerking op aandelepryse sal hê nie. Hul bevinding is dat die "koop en hou" strategie elke keer beter vaar as die handelsreël, wat in ooreenstemming met die EMH is. Plaistowe (1984) deel hierdie siening.

Die waarde van hierdie studies was om aan te toon dat betekenisvolle korrelasiekoeffisiënte onvoldoende is om as 'n handels-rēel gebruik te word om abnormale winste te kan maak.



### **1.2. Semi-sterk vorm effektiwiteit.**

'n Mark is semi - sterk effektief as dit effektief is ten opsigte van historiese pryse sowel as gepubliseerde beskikbare informasie soos byvoorbeeld finansiële state. Hier word belang gestel in hoe vinnig die mark reageer op hierdie informasie.

Die eerste ondersoek ten opsigte van hierdie vorm van effektiwiteit is deur Knight en Affleck-Graves (1982) gedoen toe hulle gekyk het wat die uitwerking van die oorskakeling van maatskappye vanaf die F.I.F.O. beginsel na die L.I.F.O. beginsel is. Hul bevind dat die mark oneffektief is.

Knight (1983) stel ondersoek in na die verwantskap tussen gepubliseerde finansiële state en aandelepryse. Alhoewel daar 'n mate van tentatiewe korrelasie bevind is, aanvaar of verwerp hy nie die EMH nie.

'n Verdere ondersoek word deur Knight en Affleck-Graves (1984) gedoen en hul bevinding is dat die EMH wel verwerp moet word.

Doo (1987) ondersoek die uitwerking van voorlopige verdienste opbrengste van aandele op die aandelepryse en kom tot die gevolgtrekking dat die mark oneffektief is.



### **1.3. Sterk vorm effektiwiteit.**


Hierdie vorm van effektiwiteit sluit swak vorm effektiwiteit en semi-sterk vorm effektiwiteit in, sowel as data wat nog nie gepubliseer is nie. Dit beteken dat persone met vertroulike inligting ("inside information") geen voordeel bo 'n ander persoon sal hê nie.

Op hierdie gebied is Onderlinge Trust Fondse ("Mutual Trust Funds") van belang. Daar word aanvaar dat die bestuurder van so 'n fonds toegang tot vertroulike inligting het. Toetse om sterk vorm effektiwiteit te ondersoek word dus op hierdie fondse toegepas.

Gilbertson en Roux (1976) se resultate toon dat met hierdie fondse nie buitensporige winstes gemaak kan word nie.

Alhoewel alle toetse ten opsigte van die swak vorm effektiwiteit bevestigend is, kan nie dieselfde van die ander twee vorme gesê word nie. Knight (1983:49) stel dit as volg: "However, no statement is made, even tentatively, on the EMH in any other form in the context of the JSE. It is emphasised that this conclusion does not imply that the JSE is inefficient, merely that its efficiency has not been established".

Uit voorafgaande is dit duidelik dat die effektiwiteit van die JSE nog nie uit die oogpunt van seisoenialiteit ondersoek is nie en dit vorm die oogmerk van hierdie studie.



## UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

**2. Data.** Die data ontleed is verkry vanuit drie bronne:

- 1) Die totale verdienste opbrengs (VOB) is verkry uit die Kwartaalverslae van die Suid - Afrikaanse Reserwebank vir die tydperk 1969 tot 1990. Hierdié syfer is die mees onlangse jaareind totale netto verdienste (wins) van alle maatskappye in 'n spesifieke sektor, geneem in

verhouding tot die gemiddelde huidige prys van al die aandele in daardie sektor.

- 2) Vir die onderskeie sektore is die VOB, bereken op dieselfde wyse as in (1) hierbo, verkry vanaf Sanlam. Dié syfer is die opbrengs soos op die laaste Vrydag van elke maand vrygestel deur die Johannesburgse Effektebeurs.
- 3) Die onaangepasde Nywerheids Produksie Indeks (NPI) is verkry vanaf die Databank van die Suid - Afrikaanse Buro van Statistiek, met 1985 as basisjaar.

### **3. Verdienste opbrengs (VOB) en seisoenale patronen.**

In ooreenstemming met Rozeff en Kinney (1976) en Officer (1974) is die data getransformeer na  $\ln(1+R_m/100)$  waar  $R_m$  die VOB vir maand m voorstel.

Een vereiste alvorens tydreekse ontleed kan word is dat die reeks stasionêr moet wees ten opsigte van die gemiddelde en variansie. Die meerderheid van reekse moet op een of ander wyse getransformeer word om aan hierdie vereistes te voldoen.

In die geval van nie-stasionêre gemiddeldes word gewoonlik eerste verskille van die reeks geneem.

Vir nie-stasionariteit in die variansie word die Box-Cox transformasie gebruik. Die Box-Cox transformasie is as volg:

$$\begin{aligned} Y_t(\tau) &= (Y^{\tau} t - 1)/\tau \quad \text{as } \tau=0 \\ &= \ln(Y_t) \quad \text{as } \tau=0 \end{aligned}$$

Wanneer die variasie proporsioneel tot die gemiddelde is, word die log transformasie gebruik ( $\tau=0$ ).

Die reeks moet slegs uit positiewe waardes bestaan anders kan hierdie transformasie nie toegepas word nie. Indien van die waardes wel negatief is, kan 'n positiewe konstante by die waardes getel word voor transformasie. Alhoewel dit nie hier nodig was nie, is daar wel 'n konstante van 1 bygetel in navolging van Rozeff en Kinney.





Uit die grafieke van die getransformeerde VOB is dit nie moontlik om enige seisoenale patronen te identifiseer nie (Grafiek 1).

Om vir seisoenaliteit te toets is na die volgende gekyk :


- 1) outokorrelasies;
- 2) parametriese toetse; en
- 3) nie-parametriese toetse.

Grafiek 1  
Verdienste Opbrengs van Nywerheidsaandele







Ingenieurswese




Voedsel




Beherende Maatskappye




Klerasie



Meubels




Motors



### 3.1. Outokorrelasies.

Die bestudering van outokorrelasiekoëffisiënte is een tegniek om seisoenaliteit op te spoor, soos byvoorbeeld beliggaam in die Box-Jenkins vooruitskatting metode.

Die rede vir die berekening van outokorrelasies is om te sien of daar verwantskappe tussen waardes van dieselfde veranderlike bestaan deur gebruik te maak van sloerings. Laat  $y_t$  'n waarde op tydstip  $t$  wees met  $y_{t-2}$  'n waarde twee periodes terug. Indien die outokorrelasiekoëffisiënt van sloerperiode 2 nou betekenisvol van 0 verskil, beteken dit dat die waardes,  $y_t$  en  $y_{t-2}$ , afhanklik is van mekaar.



Deur die lengtes van die sloerperiodes te wissel, kan meer inligting omtrent tendense uit die data verkry word.

Aangesien die outokorrelasiekoëffisiënte nie vinnig afneem na nul nie, dit wil sê na die tweede of derde sloerperiode nie, beteken dit dat die data nie-stasionêr in die gemiddelde is. Om die rede is die outokorrelasiekoëffisiënte van die eerste verskille van die getransformeerde data bereken.

Uitgesonder sloerperiode 1<sup>1</sup> is daar weinig outokorrelasiekoëffisiënte wat betekenisvol is op die 5% peil van betekenis.

Reekse waar daar blyk seisoenaliteit aanwesig te wees is:

- a) klerasie;
- b) tabak; en
- c) staal.

Hierdie drie sektore toon beduidende outokorrelasiekoëffisiënte by sloerperiode 12 wat beteken dat daar 'n verband is tussen  $Y_t$  en  $Y_{t-12}$ .

Ander betekenisvolle outokorrelasiekoëffisiënte is opgespoor by die drukwerk, motor en farmaseutiese sektore by sloerperiode 14, terwyl die drank, ingenieurswese en chemiese sektore betekenisvolle koëffisiënte toon by sloerperiode 4. Hierdie verskynsel kan egter nie sonder meer aan seisoenaliteit toegeskryf word nie.

By die chemiese sektor wil dit voorkom asof daar 'n seisoenaliteit van lengte 4 in die data aanwesig is (vergelyk sloerperiodes 4 en 8).

---

1. Volgens Rozeff en Kinney is die outokorrelasiekoëffisiënt van sloerperiode 1 betekenisvol aangesien 'n sektor se VOB saamgestel word uit verskeie maatskappye waarvan die opbrengste moontlik nie op dieselfde tydstip bereken word nie.

Volgens Rozeff en Kinney moet die betekenisvolheid van outokorrelasiekoëfisiënte met omsigtigheid hanteer word as gevolg van die moontlike gebrek aan normaliteit. Verder waarsku hulle dat die posisie van betekenisvolle koëfisiënte in 'n mate afhang van die lengte van die tydsperiode wat ondersoek word.

Steekproef outokorrelasiekoëfisiënte voorsien ook geen direkte getuienis oor die verdeling van die VOB per maand nie. In die gedeelte wat volg, word ondersoek ingestel na die verdienste opbrengste per maand. Hierdie toetse kan beskou word as toetse vir seisoenialiteit omdat sommige maande se verdelings verskil van die ander.

### **3.2. Verkennende data ontleding.**

In 'n eerste poging om die hipotese


$$H_0 : \mu_1 = \mu_2 = \dots = \mu_{12}$$


te ondersoek en aangesien op hierdie vroeë stadium geen aannames oor die verdelings van die verdienste opbrengste gemaak kan word nie, is gekyk na beskrywende maatstawwe van ligging en verspreiding.


#### **3.2.1. Rekenkundige-, Gesnoeide gemiddelde en Mediaan.**

Die gesnoeide gemiddelde, wat minder bekend is, is slegs die rekenkundige gemiddelde van die middelste 80% van die data nadat die waardes van klein na groot gerangskik is. Hierdie maatstaf sowel as die mediaan kry gewoonlik

**Grafiek 2**  
**Outokorrelasiekoëffisiënte van onderskeie sektore**







voorkeur bo die rekenkundige gemiddelde as 'n maatstaf van lokaliteit wanneer verdelings skeef is, aangesien ekstreme waardes by die gesnoeide gemiddelde en mediaan geïgnoreer word.

In terme van al drie die maatstawwe kom die maksimum VOB in die algemeen in November en Desember voor terwyl die minimum opbrengste hoofsaaklik voorkom in Januarie en April. Sien Tabelle 1 tot 4. Tabel 1 is 'n opsomming van

Tabel 1  
Totale aantal kere wat maksimum en minimum opbrengste voorkom geneem oor al drie maatstawwe

Maand	Hoog	Laag
Januarie		16
Februarie		4
Maart	5	3
April		15
Mei	1	9
Junie		
Julie	5	3
Augustus	1	2
September	8	
Oktober	2	2
November	19	1
Desember	16	

die totale aantal maksimum en minimum opbrengste geneem oor al drie die maatstawwe.

Die grootste verkil tussen die maksimum en minimum VOB's, vir beide die gesnoeide gemiddelde en die rekenkundige gemiddelde, word verkry by die drukwerk sektor. Hierdie verskille is onderskeidelik 0,0196 en 0,02203. Die kleinste verskil by al drie maatstawwe kom voor by die voedsel en chemiese sektore (Tabel 2).

20  
Tabel 2

Gemiddelde sektorale opbrengs per maand.

Sektor	Jan	Feb	Mrt	Apr	Mei	Jun	Jul	Aug	Sep	Okt	Nov	Des
Totaal	0,12683 <sup>2</sup>	0,12874	0,12893	0,12818	0,12829	0,12961	0,13060	0,13037	0,13136	0,13108	0,13432	0,13505 <sup>a</sup>
Tabak	0,19354 <sup>2</sup>	0,19898	0,20974 <sup>a</sup>	0,20281	0,19979	0,20318	0,20313	0,20475	0,20099	0,19962	0,20245	0,19644
Meubels	0,1496 <sup>2</sup>	0,15261	0,15927	0,15606	0,15370	0,15929	0,16097	0,16012	0,15952	0,15863	0,16649 <sup>a</sup>	0,16514
Klerasie	0,14351 <sup>2</sup>	0,14401	0,15148	0,14658	0,14752	0,14832	0,14789	0,14826	0,15050	0,14746	0,15112	0,15225 <sup>a</sup>
Drank	0,09935 <sup>2</sup>	0,10120	0,10485	0,10112	0,10463	0,10620	0,10450	0,10451	0,10474	0,10359	0,10687 <sup>a</sup>	0,10339
Voedsel	0,10546 <sup>2</sup>	0,10707	0,10982 <sup>a</sup>	0,10620	0,10654	0,10862	0,10667	0,10690	0,10855	0,10652	0,10786	0,10815
Suiker	0,10738	0,10720	0,10875	0,10718 <sup>2</sup>	0,10721	0,11081	0,11498	0,11355	0,11417	0,11295	0,11574 <sup>a</sup>	0,11253
Bousektor	0,12638 <sup>2</sup>	0,12819	0,13032	0,12802	0,12781	0,13329	0,13414	0,13292	0,13326	0,13277	0,13432 <sup>a</sup>	0,13185
Beherende Mpye	0,10958	0,11046	0,11049	0,10921 <sup>2</sup>	0,10988	0,11402	0,11301	0,11345	0,11631 <sup>a</sup>	0,11485	0,11620	0,11497
Motors	0,16128	0,16385	0,16766	0,16169	0,16096 <sup>2</sup>	0,16629	0,16627	0,16628	0,16648	0,16643	0,17108	0,17142 <sup>a</sup>
Chemies	0,09501 <sup>2</sup>	0,09597	0,09821	0,09634	0,09640	0,09844	0,09895	0,09761	0,1002 <sup>a</sup>	0,09856	0,09929	0,09965
Elektronika	0,09337	0,09374	0,09359	0,09278 <sup>2</sup>	0,09371	0,09542	0,09691	0,09663	0,09657	0,09819	0,10244 <sup>a</sup>	0,10017
Vervoer	0,15535	0,15377	0,15717	0,15277	0,15180	0,16120	0,16298 <sup>a</sup>	0,15889	0,15886	0,14928 <sup>2</sup>	0,15568	0,15654
Vissery	0,15603	0,15431 <sup>2</sup>	0,15883	0,16017	0,16133 <sup>a</sup>	0,16003	0,15838	0,15703	0,15606	0,15616	0,15960	0,15625
Staal	0,10652 <sup>2</sup>	0,11151	0,11227	0,10858	0,10776	0,11331	0,11114	0,11321	0,11537	0,11648	0,12233 <sup>a</sup>	0,11734
Papier	0,1111 <sup>2</sup>	0,11118	0,11263	0,11240	0,11314	0,11511	0,11388	0,11477	0,11627	0,11592	0,11835 <sup>a</sup>	0,11653
Ingenieurs- wese	0,12531	0,12537	0,12579	0,12451 <sup>2</sup>	0,12484	0,12867	0,12831	0,12905	0,13293	0,13242	0,13353 <sup>a</sup>	0,13250
Drukwerk	0,18801	0,18236	0,18560	0,17690	0,1731 <sup>2</sup>	0,18023	0,18208	0,18580	0,18610	0,18088	0,18752	0,19513 <sup>a</sup>
Farmaceuties	0,11061	0,10956	0,11063	0,10853 <sup>2</sup>	0,11121	0,11423	0,11359	0,11499	0,11511	0,11479	0,11805 <sup>a</sup>	0,11435

<sup>a</sup> Maksimum

<sup>2</sup> Minimum

21  
Tabel 3

Gesnoeide gemiddelde (80%) per sektor per maand

Sektor	Jan	Feb	Mrt	Apr	Mei	Jun	Jul	Aug	Sep	Okt	Nov	Des
Totaal	0,12409	0,12572	0,12521	0,12388 <sup>2</sup>	0,12502	0,12607	0,12797	0,12824	0,13010	0,12853	0,13135	0,13315 <sup>a</sup>
Tabak	0,18622 <sup>2</sup>	0,19171	0,1999 <sup>a</sup>	0,19477	0,19287	0,19403	0,19787	0,19929	0,19724	0,19248	0,19518	0,19234
Meubels	0,14302 <sup>2</sup>	0,14557	0,15085	0,14802	0,14557	0,15095	0,15419	0,15458	0,15598	0,15265	0,16002 <sup>a</sup>	0,15999
Klerasie	0,13489 <sup>2</sup>	0,13585	0,14511	0,14144	0,14145	0,14430	0,14310	0,14388	0,14589 <sup>a</sup>	0,13968	0,14490	0,14513
Drank	0,0951 <sup>2</sup>	0,09688	0,09889	0,09565	0,09944	0,10119	0,10048	0,10090	0,10205 <sup>a</sup>	0,09897	0,10168	0,09884
Voedsel	0,10626	0,10778	0,1094 <sup>a</sup>	0,10586	0,10603	0,10670	0,10496 <sup>2</sup>	0,10701	0,10924	0,10695	0,10848	0,10849
Suiker	0,10834	0,10716	0,10673	0,10634 <sup>2</sup>	0,10790	0,11215	0,11252	0,11486	0,1158 <sup>a</sup>	0,11371	0,11519	0,11411
Bousektor	0,12220	0,12230	0,12203	0,11949 <sup>2</sup>	0,11994	0,12518	0,12565	0,12490	0,12737	0,12700	0,12908	0,12934 <sup>a</sup>
Beherende Mpye	0,10703	0,10615	0,10433	0,10305	0,10303 <sup>2</sup>	0,10664	0,10602	0,10790	0,11220	0,11050	0,11319	0,11371 <sup>a</sup>
Motors	0,15626 <sup>2</sup>	0,16057	0,16437	0,15709	0,15912	0,16317	0,16169	0,16187	0,16183	0,16220	0,16583	0,1682 <sup>a</sup>
Chemies	0,09109	0,09204	0,09429	0,09244	0,09197	0,09436	0,09365	0,09107 <sup>2</sup>	0,09392	0,09276	0,09507	0,09667 <sup>a</sup>
Elektronika	0,08805	0,08831	0,08791	0,08716 <sup>2</sup>	0,08812	0,09014	0,09332	0,09213	0,09157	0,09290	0,09523 <sup>a</sup>	0,09428
Vervoer	0,15191	0,14849	0,15075	0,14705	0,14685	0,15596 <sup>a</sup>	0,15169	0,15110	0,15328	0,14632 <sup>2</sup>	0,15144	0,15483
Vissery	0,14434	0,14182 <sup>2</sup>	0,14790	0,14447	0,14906	0,15063 <sup>a</sup>	0,14685	0,14487	0,14547	0,14712	0,15025	0,14656
Staal	0,10363 <sup>2</sup>	0,11108	0,11011	0,10658	0,10463	0,10786	0,10576	0,10970	0,11228	0,11161	0,11782 <sup>a</sup>	0,11578
Papier	0,10594	0,10511	0,10458 <sup>2</sup>	0,10561	0,10704	0,10856	0,10715	0,10896	0,11146	0,11151	0,1158 <sup>a</sup>	0,11395
Ingenieurs- wese	0,11829	0,11734	0,11698	0,11500 <sup>2</sup>	0,11537	0,12041	0,12031	0,12124	0,12446	0,12236	0,12440	0,12579 <sup>a</sup>
Drukwerk	0,17941	0,17371	0,17403	0,16848	0,16586 <sup>2</sup>	0,16727	0,17056	0,17297	0,17389	0,17307	0,17937	0,18548 <sup>a</sup>
Farmaseutics	0,10795	0,10554	0,10609	0,10381 <sup>2</sup>	0,10603	0,10726	0,10608	0,10926	0,10945	0,11030	0,11453 <sup>a</sup>	0,11163

<sup>a</sup> Maksimum

<sup>2</sup> Minimum

22  
Tabel 4

Mediaan per sektor per maand

Sektor	Jan	Feb	Mrt	Apr	Mei	Jun	Jul	Aug	Sep	Okt	Nov	Des
Totaal	0,11857	0,12227	0,11823	0,11434 <sup>2</sup>	0,11796	0,12251	0,12375	0,12460	0,13036 <sup>a</sup>	0,12274	0,12368	0,12054
Tabak	0,17185	0,18482	0,18854 <sup>a</sup>	0,16842	0,15953 <sup>2</sup>	0,16210	0,16382	0,17395	0,17227	0,17897	0,17814	0,17814
Meubels	0,15607	0,14925	0,15743	0,16126	0,14319 <sup>2</sup>	0,16083	0,15784	0,16707	0,15569	0,16287	0,16636	0,17267 <sup>a</sup>
Klerasie	0,13366	0,13759	0,13671	0,13101	0,13014	0,13015	0,13014	0,12399 <sup>2</sup>	0,12837	0,12751	0,13759 <sup>a</sup>	0,13496
Drank	0,09849	0,09576	0,09440	0,09121 <sup>2</sup>	0,09349	0,09303	0,09213	0,09803	0,09803	0,09849 <sup>a</sup>	0,09803	0,09440
Voedsel	0,09939	0,09984	0,09712	0,09712	0,09395 <sup>2</sup>	0,10391	0,10166	0,10706 <sup>a</sup>	0,10571	0,10661	0,10255	0,10210
Suiker	0,10661	0,10930	0,10705	0,10751	0,10481	0,10481	0,11511 <sup>a</sup>	0,11155	0,11199	0,10838	0,10391 <sup>2</sup>	0,11020
Bousektor	0,11600	0,11109	0,11244	0,10391 <sup>2</sup>	0,10616	0,11643	0,11421	0,12132	0,12089	0,11867	0,12309 <sup>a</sup>	0,12178
Beherende Mpye	0,09713	0,09440	0,09394	0,09304 <sup>2</sup>	0,09666	0,10204	0,10023	0,10385	0,10660	0,11155 <sup>a</sup>	0,10616	0,10391
Motors	0,15954	0,16169	0,16423	0,15527	0,13802 <sup>2</sup>	0,14324	0,14323	0,15315	0,15567	0,16422	0,16678	0,17227 <sup>a</sup>
Chemies	0,09076	0,08756 <sup>2</sup>	0,08892	0,09030	0,09030	0,09303	0,09439	0,08891	0,08938	0,09577	0,09531	0,09622 <sup>a</sup>
Elektronika	0,08618	0,08204 <sup>2</sup>	0,08204	0,08388	0,08388	0,09121	0,09577	0,09167	0,08984	0,09121	0,09757	0,09849 <sup>a</sup>
Vervoer	0,13927	0,13541	0,12707 <sup>2</sup>	0,13015	0,13277	0,14928	0,14450	0,13715	0,15658 <sup>a</sup>	0,14670	0,14540	0,14755
Vissery	0,13671	0,13628	0,13190	0,12663 <sup>2</sup>	0,13842	0,13713	0,13933 <sup>a</sup>	0,13715	0,13715	0,13453	0,13759	0,13672
Staal	0,09804	0,10030	0,09894	0,10030	0,09531 <sup>2</sup>	0,10166	0,09985	0,10210	0,11154 <sup>a</sup>	0,10704	0,11065	0,10927
Papier	0,10571	0,10616	0,09893 <sup>2</sup>	0,10211	0,11243	0,11467	0,11109	0,10704	0,10795	0,11778	0,12089 <sup>a</sup>	0,11600
Ingenieurs- wese	0,11822	0,11333	0,11110	0,10841 <sup>2</sup>	0,10930	0,11911	0,11778	0,11734	0,11600	0,12089	0,12487	0,12707 <sup>a</sup>
Drukwerk	0,17479	0,16763	0,16889	0,15829	0,16085	0,15871	0,15828 <sup>2</sup>	0,16122	0,17015	0,17940	0,17937 <sup>a</sup>	0,17521
Farmaceutics	0,09985	0,09939	0,09622	0,09121	0,09030	0,09303	0,08984 <sup>2</sup>	0,09076	0,10211	0,10526	0,11065 <sup>a</sup>	0,10435

<sup>a</sup> Maksimum

<sup>2</sup> Minimum

In numeriese terme is hierdie verskille egter so gering dat daar nie sonder meer aanvaar kan word dat hierdie verskille betekenisvol vanaf nul afwyk nie. (Tabelle 2 tot 4).

Die suiker sektor, wat deel uitmaak van die voedsel sektor, se maksima en minima verskil van die van laasgenoemde sektor.

### **3.2.2. Verspreiding.**

Twee verspreidings maatstawwe is hier bereken naamlik die standaardafwyking en Fama se maatstaf<sup>2</sup> (Tabelle 6 en 7).

By Fama se maatstaf word uiterste waardes geïgnoreer en die maatstaf, soos voorgestel deur Fama (1970), kry voorkeur bo die standaardafwyking by skewe verdelings.

Alhoewel Fama se maatstaf binne maande 'n kleiner variasie toon as die standaardafwyking, kom laasgenoemde meer stabiel voor tussen maande.

Spearman se rangorde korrelasiekoëffisiënt tussen die standaardafwyking en Fama se maatstaf toon dat daar slegs by sewe sektore 'n koëffisiënt groter as 0,5 aangetref word (Tabel 5).

---

2. Die koëffisiënt word as volg bereken:  $(P_{72} - P_{28}) / (2 \times 0,827)$ , waar  $P_{72}$  die 72ste persentiel is.

Tabel 5  
Spearman se rangorde korrelasiekoëffisiënt tussen die standaardafwyking en Fama se maatstaf.

Sektor	Spearman
Totaal	0,1189
Tabak	0,4895
Klerasie	0,4615
Drank	0,4965
Voedsel	0,5664
Suiker	0,8112
Geboue	0,0000
Beherende Mye	0,3077
Motors	0,3497
Chemies	0,6783
Elektronika	-0,0559
Vervoer	0,6224
Vissery	0,5385
Staal	0,7273
Papier	0,4965
Ingenierswese	0,2837
Drukwerk	0,6154
Farmaseuties	-0,4545

Hierdie bevinding is van belang aangesien Spearman se korrelasiekoëffisiënt daarop dui dat sommige van die sektore se verdelings afwyk vanaf die normaalverdeling. Daar moet dus rekening gehou word met hierdie aspek by verdere statistiese ontledings of toetse waar die normaliteitsaanname 'n vereiste is.

### 3.2.3. Kurtose en skeefheid.

In die tabelle word die gestandaardiseerde waardes weergegee. Die normaalverdeling se koëffisiënt vir beide kurtose en skeefheid word weergegee deur nul (0). Indien 'n veranderlike se waarde buite die grense (-2 +2) lê, word dit beskou dat daardie verdeling betekenisvol afwyk vanaf die normaalverdeling.

As daar na skeefheid gekyk word in Tabel 8, sal waargeneem word dat slegs die verdelings van die voedsel en suiker sektore negatief skeef is, maar nie noemenswaardig afwyk vanaf die normaalverdeling nie. By die elektroniese sektor is die skeefheidskoëffisiënte vir 11 uit die 12 maande groter as +2 wat beteken dat hierdie verdeling positief skeef is, met 'n langer stert na regs, wat betekenisvol afwyk vanaf die normaalverdeling. Dieselfde geld vir die ingenieurswese sektor en in 'n mindere mate vir die drank, klerasie en vissery sektore. Hierdie resultaat is in ooreenstemming met die Spearman rangorde koëffisiënte in 3.2.2. Vergelyk die koëffisiënte van die elektroniese (-0,0559) en ingenierswese (0,2837) sektore (Tabel 5). Die meerderheid van sektore wyk egter nie betekenisvol van die normaalverdeling af nie.

By kurtose word dieselfde tendens verkry. Weer eens is slegs die elektroniese sektor se koëffisiënte positief en sommige redelik groter as 2, wat beteken dat die kurwe spits is met swaarder sterte as die normalkurwe - leptokurties (Tabel 9).

Die verskynsel dat die meerderheid van die koëffisiënte negatief is, weerspreek nie Gilbert en Roux (1976) se bevinding dat VOB opbrengste "spits" kurwes voortbring nie. Hierdie blykbare teenstrydigheid word deur die bevinding van Mandelbrot (1976) verklaar, naamlik dat

26  
Tabel 6

Standaardafwyking per sektor per maand

Sektor/Maand	Jan	Feb	Mrt	Apr	Mei	Jun	Jul	Aug	Sep	Okt	Nov	Des
Totaal	0,04683	0,04760	0,04932	0,0511 <sup>a</sup>	0,04983	0,04945	0,04918	0,04728	0,04746	0,04846	0,04631 <sup>2</sup>	0,04659
Tabak	0,08969	0,09343	0,11658 <sup>a</sup>	0,10961	0,10856	0,10710	0,10597	0,10451	0,10060	0,09764	0,09466	0,08365 <sup>2</sup>
Meubels	0,9352 <sup>2</sup>	0,09559	0,10501	0,10527 <sup>a</sup>	0,10170	0,10215	0,10287	0,09959	0,09727	0,09472	0,09847	0,09355
Klerasie	0,07337	0,07370	0,07984 <sup>a</sup>	0,07600	0,07772	0,07041	0,06910	0,06665	0,06650	0,06531	0,06175 <sup>2</sup>	0,06709
Drank	0,04744	0,05046	0,05290 <sup>a</sup>	0,05093	0,05278	0,05129	0,05028	0,05017	0,04803	0,04764	0,04654	0,04390 <sup>2</sup>
Voedsel	0,03152	0,03341	0,03813 <sup>a</sup>	0,03642	0,03708	0,03791	0,03707	0,03455	0,03351	0,03075	0,02929	0,02873 <sup>2</sup>
Suiker	0,04683	0,04719	0,04308 <sup>2</sup>	0,04612	0,04547	0,04597	0,05010	0,04977	0,05100 <sup>a</sup>	0,05071	0,04898	0,04809
Bousektor	0,05244	0,05533	0,05944	0,06004	0,05834	0,06090	0,06297 <sup>a</sup>	0,06145	0,05752	0,05789	0,05461	0,05180 <sup>2</sup>
Beherende Mye	0,04387	0,04721	0,05030	0,05034	0,05060	0,05216 <sup>a</sup>	0,04984	0,04940	0,04828	0,04653	0,04470	0,04227 <sup>2</sup>
Motors	0,07641 <sup>2</sup>	0,07700	0,08063	0,07915	0,07647	0,07813	0,07968	0,07995	0,08156	0,08166 <sup>a</sup>	0,08008	0,07685
Chemies	0,03351	0,03509	0,03794	0,03657	0,03572	0,03534	0,03676	0,03886	0,03934 <sup>a</sup>	0,03869	0,03592	0,03252 <sup>2</sup>
Elektronika	0,03721 <sup>2</sup>	0,03856	0,04074	0,04165	0,04126	0,04130	0,03911	0,04002	0,04060	0,04112	0,04250 <sup>a</sup>	0,03942
Vervoer	0,06760 <sup>a</sup>	0,06560	0,06682	0,06466	0,06317	0,06310	0,06449	0,06530	0,06380	0,05960 <sup>2</sup>	0,06339	0,06394
Vissery	0,06361	0,06274	0,06611	0,07214 <sup>a</sup>	0,07165	0,06645	0,06985	0,06797	0,06641	0,06539	0,06280	0,05372 <sup>2</sup>
Staal	0,05330	0,05481	0,05705	0,05411	0,05381	0,05546	0,05320	0,05232 <sup>2</sup>	0,05417	0,05640	0,05970 <sup>a</sup>	0,05645
Papier	0,04278	0,04484	0,04772 <sup>a</sup>	0,04609	0,04335	0,04369	0,04365	0,04513	0,04386	0,04314	0,04056	0,03908 <sup>2</sup>
Ingenieurs- wese	0,04488	0,04670	0,04988	0,05037 <sup>a</sup>	0,04905	0,04770	0,04806	0,04905	0,05017	0,05032	0,04756	0,04438 <sup>2</sup>
Drukwerk	0,10266	0,09782	0,10559 <sup>a</sup>	0,09614	0,08866	0,09221	0,09052	0,09834	0,09734	0,08847 <sup>2</sup>	0,09363	0,10306
Farmaseutics	0,05062 <sup>2</sup>	0,05103	0,05433	0,05353	0,05432	0,05492	0,05472	0,05678 <sup>a</sup>	0,05637	0,05663	0,05332	0,05079

<sup>a</sup> Maksimum

<sup>2</sup> Minimum

Fana se maatstaf per sektor per maand

27  
Tabel 7

Sektor	Jan	Feb	Mrt	Apr	Mei	Jun	Jul	Aug	Sep	Okt	Nov	Des
Totaal	0,02774 <sup>2</sup>	0,0282	0,03127	0,03179	0,03695	0,04068	0,04048	0,03975	0,04803 <sup>a</sup>	0,04427	0,03693	0,03358
Tabak	0,08728	0,08876	0,11004	0,10389	0,10794	0,0858 <sup>2</sup>	0,1014	0,11161 <sup>a</sup>	0,10991	0,10569	0,09133	0,08925
Meubels	0,09249	0,08184	0,08103	0,0784	0,07992	0,08552	0,08495	0,07672	0,09451 <sup>a</sup>	0,08179	0,07494 <sup>2</sup>	0,0806
Klerasie	0,05035 <sup>a</sup>	0,04042	0,04583	0,03571	0,03712	0,04006	0,03751	0,0382	0,03916	0,02963	0,0294 <sup>2</sup>	0,0374
Drank	0,03013 <sup>2</sup>	0,03276	0,04105	0,03873	0,04455 <sup>a</sup>	0,03117	0,03787	0,04357	0,04322	0,03603	0,0341	0,03112
Voedsel	0,03177	0,03081	0,03885 <sup>a</sup>	0,03364	0,03304	0,03287	0,03409	0,03253	0,03572	0,03644	0,02567 <sup>2</sup>	0,02788
Suiker	0,03145	0,03199	0,02542	0,02147 <sup>2</sup>	0,02643	0,02764	0,02894	0,03217	0,03272	0,03286 <sup>a</sup>	0,03011	0,02855
Bousektor	0,04461	0,05384 <sup>a</sup>	0,05277	0,0444	0,04118 <sup>2</sup>	0,04163	0,0462	0,05132	0,04773	0,04821	0,04536	0,04542
Beherende Mye	0,03501	0,03681	0,03865	0,03497	0,03783	0,03296	0,03612	0,04034	0,04116 <sup>a</sup>	0,036	0,03268	0,0324 <sup>2</sup>
Motors	0,06303	0,05952	0,05989	0,05471	0,05924	0,05244 <sup>2</sup>	0,05307	0,06659	0,06971 <sup>a</sup>	0,0653	0,05562	0,05743
Chemies	0,02198	0,0213	0,02406	0,02459 <sup>a</sup>	0,02113	0,02235	0,02419	0,0243	0,02372	0,02225	0,02145	0,01917 <sup>2</sup>
Elektronika	0,02068	0,01729 <sup>2</sup>	0,0195	0,01901	0,01823	0,02243	0,02629	0,0275 <sup>a</sup>	0,02441	0,02312	0,02238	0,02235
Vervoer	0,06032	0,05079	0,06022	0,06253 <sup>a</sup>	0,05075	0,05212	0,05308	0,04913	0,04093	0,02851 <sup>2</sup>	0,04665	0,05395
Vissery	0,04345	0,05091	0,05912	0,05421	0,0592	0,05594	0,0494	0,05282	0,06192 <sup>a</sup>	0,05574	0,04235	0,04227 <sup>2</sup>
Staal	0,04216	0,04861	0,04813	0,04318	0,04055	0,03815	0,03923	0,03559 <sup>2</sup>	0,03998	0,04688	0,0507 <sup>a</sup>	0,04773
Papier	0,03824	0,0425 <sup>a</sup>	0,04084	0,03388	0,03297	0,03854	0,03623	0,03606	0,03779	0,03653	0,02941 <sup>2</sup>	0,03138
Ingenieurs- wese	0,02579	0,02876	0,02969	0,02861	0,02873	0,03143	0,03527 <sup>a</sup>	0,03291	0,02914	0,0277	0,02240 <sup>2</sup>	0,02355
Drukwerk	0,09570 <sup>a</sup>	0,09314	0,08599	0,08764	0,07942	0,08381	0,07898 <sup>2</sup>	0,08103	0,08342	0,08211	0,0897	0,09449
Farmaseuties	0,03992	0,03869	0,03944	0,03966	0,03606	0,03567	0,03522	0,0392	0,03404 <sup>2</sup>	0,04034	0,04442 <sup>a</sup>	0,04267

<sup>a</sup> Maksimum

<sup>2</sup> Minimum

Skeefheid per sektor per maand (Gestandaardiseer)

28  
Tabel 8

Sektor	Jan	Feb	Mrt	Apr	Mei	Jun	Jul	Aug	Sep	Okt	Nov	Des
Totaal	1,08043	1,13077	1,26035	1,62856	1,40389	1,31179	0,99116	0,73541	0,53387	0,95088	1,05715	0,84185
Tabak	1,08127	1,01307	1,05350	0,90241	0,83214	1,03000	0,62640	0,55003	0,58666	0,87000	0,98530	0,61537
Meubels	0,69606	0,89057	1,31513	1,22914	1,18613	1,05007	0,87930	0,72602	0,29192	0,59526	0,56331	0,33895
Klerasie <sup>a</sup>	2,09958	2,03522	1,48006	1,38902	1,41361	0,94520	1,10678	1,36060	1,28413	2,33543	2,25796	1,92653
Drank <sup>a</sup>	1,89407	1,61207	2,18572	2,07497	1,95407	1,67546	1,18337	0,95343	0,73206	1,37610	1,72946	1,81317
Voedsel <sup>2</sup>	-0,1990	-0,0630	0,33876	0,26566	0,33926	0,81177	0,65108	-0,0739	-0,1831	-0,1518	-0,1198	0,00474
